THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette Extraordinary

*(Registered at the Post Office as a Newspaper)*

PRICE: S.A. 15c Plus 1c G.S.T. OVERSEAS 20c

VOL. 225 PRETORIA, 30 MARCH, 1981 4136

No. 97 (Administrator's), 1981.

## PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 90 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance, assented to by the State President-in-Council;

Now therefore, I do hereby promulgate the Additional Appropriation Ordinance, *1981*, which is printed hereunder.

Given under my Hand at Pretoria, on this 25th day of March, One thousand Nine hundred and Eighty-one.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrator of the Province Transvaal.
P.R. 4-11 (1981/2)

ORDINANCE NO. 2 OF 1981.
(Assented to on 23 March, 1981.)
(English copy signed by the State President.)

## AN ORDINANCE

**To apply a further sum not exceeding R149 847 000 towards the service of the Province of Transvaal during the year ending on the 31st day of March 1981.**

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

Provincial Revenue Fund charged with R147 847 000.

1. Subject to the provisions of the Provincial Finance and Audit Act, 1972 (Act 18 of 1972), the Provincial Revenue Fund is hereby charged with such sums of money as may be required for the service of the Province during the year ending on the 31st day of March 1981, not exceeding in the aggregate the sum of one hundred and forty seven million eight hundred and forty seven thousand rand in addition to the sums provided for by the Appropriation Ordinance, 1980 (Ordinance 4 of 1980).

How money appropriated by section 1 is to be applied.

2. The money appropriated by section 1 shall be applied to the services as detailed in the First Schedule to this Ordinance and more particularly specified in the Estimates of Additional Expenditure for the said year and to no other purpose.

Major Road Plant Fund charged with R2 000 000.

3. The Major Road Plant Fund established in terms of section 2 of the Major Road Plant Ordinance, 1960 (Ordinance 10 of 1960) is hereby charged with such sums of money as

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Buitengewone Offisiële Koerant

*(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)*

PRYS: S.A. 15c Plus 1c A.V.B. OORSEE 20c

30 MAART 1981

No. 97 (Administrateurs-), 1981.

## PROKLAMASIE

Nademaal by artikel 90 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby die Addisionele Begrotingsordonnansie, *1981* wat hieronder gedruk is, afkondig.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 25ste dag van Maart, Eenduisend Negehonderd Een-en-tagtig.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
P.R. 4-11 (1981/2)

ORDONNANSIE NO. 2 VAN 1981.
*(Toestemming verleen op 23 Maart 1981.)*
(Engelse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken.)

## 'N ORDONNANSIE

**Tot aanwending van 'n verdere bedrag van hoogstens R149 847 000 tot die diens van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar wat op die 31ste dag van Maart 1981 eindig.**

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN SOOS VOLG:—

Provinsiale Inkomstefonds belas met R147 847 000.

1. Behoudens die bepalings van die Wet op Provinsiale Finansies en Oudit, 1972 (Wet 18 van 1972) word die Provinsiale Inkomstefonds hierby vir alle geldbedrae gedebiteer wat nodig mag wees vir die diens van die Provinsie gedurende die jaar wat op die 31ste dag van Maart 1981 eindig, tot 'n bedrag van altesaam hoogstens eenhonderd sewe-en-veertig miljoen agthonderd sewe-en-veertig duisend rand, bo en behalwe die bedrae waarvoor by die Begrotingsordonnansie, 1980 (Ordonnansie 4 van 1980) voorsiening gemaak is.

Hoe geld in artikel 1 toegestaan aangewend moet word.

2. Die geld by artikel 1 toegestaan word aangewend vir die dienste soos uiteengesit in die Eerste Bylae by hierdie Ordonnansie en wat uitvoeriger omskryf word in die Begroting van Addisionele Uitgawe vir genoemde jaar en vir geen ander doel nie.

Fonds vir groot Paduitrusting belas met R2 000 000.

3. Die Fonds vir Groot Paduitrusting, gestig ingevolge artikel 2 van die Ordonnansie op Groot Paduitrusting, 1960 (Ordonnansie 10 van 1960) word hierby belas met alle geld-

may be required for the purchase of major road plant during the year ending on the 31st day of March 1981 not exceeding in the aggregate the sum of two million rand in addition to the sum provided for by the Appropriation Ordinance, 1980 (Ordinance 4 of 1980).

How money appropriated by section 3 is to be applied.

4. The money appropriated by section 3 shall be applied to the service as detailed in the Second Schedule to this Ordinance and to no other purpose.

Short title.

5. This Ordinance shall be called the Additional Appropriation Ordinance, 1981.

FIRST SCHEDULE.

| No. of Vote | Service | Column 1 | Column 2 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| 1 | General Administration | 21 369 000 | — |
| | Including — | | |
| | Grants-in-aid, etc. — | | |
| | Performing Art Council, Transvaal — | | |
| | Normal grant-in-aid | — | 302 513 |
| | Running cost of State Theatre | — | 99 453 |
| | Amajuba Festival | | 25 000 |
| 2 | Education | 50 214 000 | — |
| 3 | Works | 3 392 000 | — |
| 4 | Hospital and Health Services: | | |
| | Administration | 1 745 000 | — |
| | Including — | | |
| | Medical midwifery and clinical services rendered by local authorities in Black, Coloured and Indian townships in their respective areas — | | |
| | Pretoria City Council | — | 7 800 |
| 5 | Provincial Hospitals and Institutions | 45 237 000 | — |
| | Including — | | |
| | Entertainment expenses — | | |
| | Official functions at hospitals and colleges | — | 300 |
| 6 | Roads and bridges | 24 289 000 | — |
| 7 | Local Government | 510 000 | — |
| 8 | Library and Museum Service | 501 000 | — |
| 9 | Nature Conservation | 590 000 | — |
| | | R147 847 000 | |

SECOND SCHEDULE.

(Chargeable to Major Road Plant Fund).

| Service | Column 1 | Column 2 |
|---|---|---|
| Purchase of Major Road Plant | R2 000 000 | — |

bedrae wat nodig mag wees vir die aankoop van groot paduitrusting gedurende die jaar wat op die 31ste dag van Maart 1981 eindig, tot 'n bedrag van altesaam hoogstens tweemiljoen rand, bo en behalwe die bedrag waarvoor by die Begrotingsordonnansie 1980 (Ordonnansie 4 van 1980) voorsiening gemaak is.

Hoe geld in artikel 3 toegestaan aangewend moet word.

4. Die geld by artikel 3 toegestaan word aangewend vir die diens soos uiteengesit in die Tweede Bylae by hierdie Ordonnansie en vir geen ander doel nie.

Kort titel.

5. Hierdie Ordonnansie heet die Addisionele Begrotingsordonnansie, 1981.

EERSTE BYLAE.

| No. van Begrotingspos | Diens | Kolom 1 | Kolom 2 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| 1 | Algemene Administrasie | 21 369 000 | — |
| | Met inbegrip van — | | |
| | Hulptoelaes, ens. — | | |
| | Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste — | | |
| | Normale hulptoelae | — | 302 513 |
| | Bedryfskoste van Staatsteater | — | 99 453 |
| | Amajuba Fees | — | 25 000 |
| 2 | Onderwys | 50 214 000 | — |
| 3 | Werke | 3 392 000 | — |
| 4 | Hospitaal- en Gesondheidsdienste: | | |
| | Administrasie | 1 745 000 | — |
| | Met inbegrip van — | | |
| | Mediese, kraam- en kliniekdienste gelewer deur plaaslike owerhede in Swart-, Kleurling- en Indiërdorpe in hulle onderskeie gebiede — | | |
| | Stadsraad van Pretoria | — | 7 800 |
| 5 | Provinsiale Hospitale en Inrigtings | 45 237 000 | — |
| | Met inbegrip van — | | |
| | Onthaalkoste — | | |
| | Amptelike funksies by hospitale en kolleges | — | 300 |
| 6 | Paaie en Brûe | 24 289 000 | — |
| 7 | Plaaslike Bestuur | 510 000 | — |
| 8 | Biblioteek- en Museumdiens | 501 000 | — |
| 9 | Natuurbewaring | 590 000 | — |
| | | R147 847 000 | |

TWEEDE BYLAE.

(Ten laste van die Fonds vir Groot Paduitrusting).

| Diens | Kolom 1 | Kolom 2 |
|---|---|---|
| Aankoop van Groot Paduitrusting | R2 000 000 | — |

No. 98 (Administrator's), 1981.

## PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 90 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance, assented to by the State President-in-Council;

Now therefore, I do hereby promulgate the Unauthorized Expenditure (1978/79) Ordinance, 1981 which is printed hereunder.

Given under my Hand at Pretoria, on this 25th day of March, One thousand Nine hundred and Eighty-one.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrator of the Province Transvaal.
P.R. 4-11 (1981/1)

ORDINANCE NO. 1 OF 1981.
(Assented to on 23 March, 1981.)
(English copy signed by the State President.)

# AN ORDINANCE

**To apply a further sum of money towards the service of the Province of Transvaal during the year ended on the 31st day of March 1979 for the purpose of meeting and covering certain unauthorised expenditure.**

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows: —

Provincial Revenue Fund charged with R557 220,95. 1. The Provincial Revenue Fund is hereby charged with the sum of five hundred and fifty seven thousand two hundred and twenty rand and ninety five cents to meet certain expenditure over and above the amount appropriated for the service of the Province for the year ended on the 31st day of March 1979. Such expenditure is set forth in the Schedule to this Ordinance, and is more particularly specified on page 2 of the Report (which has been submitted to the Provincial Council) of the Provincial Auditor on the Accounts of the said year.

Short title 2. This Ordinance shall be called the Unauthorised Expenditure (1978/79) Ordinance, 1981.

SCHEDULE

| No. of Vote | Title of Vote | Amount |
|---|---|---|
| | | R |
| 5 | Provincial Hospitals and Institutions | 557 220,95 |
| | Total: | R557 220,95 |

No. 98 (Administrateurs-), 1981.

## PROKLAMASIE

Nademaal by artikel 90 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby die Ordonnansie op Ongemagtigde Uitgawe (1978/79), 1981 wat hieronder gedruk is, afkondig.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 25ste dag van Maart, Eenduisend Negehonderd Een-en-tagtig.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
P.R. 4-11 (1981/1)

ORDONNANSIE NO. 1 VAN 1981.
(Toestemming verleen op 23 Maart 1981.)
(Engelse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken.)

# 'N ORDONNANSIE

**Tot aanwending van 'n verdere bedrag geld vir die diens van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar geëindig op die 31ste dag van Maart 1979 om sekere ongemagtigde uitgawe te bestry en te dek.**

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN SOOS VOLG: —

Provinsiale Inkomstefonds belas met R557 220,95. 1. Die Provinsiale Inkomstefonds word hierby belas met 'n bedrag van vyfhonderd sewe en vyftig duisend tweehonderd en twintig rand en vyf en negentig sent om sekere uitgawe, bo en behalwe die bedrag toegestaan vir die diens van die Provinsie vir die jaar geëindig op die 31ste dag van Maart 1979 te bestry. Hierdie uitgawes word uiteengesit in die Bylae by hierdie Ordonnansie en word nader omskryf op bladsy 2 van die Verslag (wat aan die Provinsiale Raad voorgelê is) van die Provinsiale Ouditeur oor die Rekeninge van genoemde jaar.

Kort titel. 2. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Ongemagtigde Uitgawe (1978/79), 1981.

BYLAE

| No. van Begrotingspos | Titel van Begrotingspos | Bedrag |
|---|---|---|
| | | R |
| 5 | Provinsiale Hospitale en Inrigtings | 557 220,95 |
| | Totaal: | R557 220,95 |

No. 99 (Administrator's), 1981.

## PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 90 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance, assented to by the State President-in-Council.

Now therefore, I do hereby promulgate the Part Appropriation Ordinance, 1981, which is printed hereunder.

No. 99 (Administrateurs-), 1981.

## PROKLAMASIE

Nademaal by artikel 90 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby die Gedeeltelike Begrotingsordonnansie, 1981, wat hieronder gedruk is, afkondig.

Given under my Hand at Pretoria, on this 25th day of March, One thousand Nine hundred and Eighty-one.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrator of the Province Transvaal.
P.R. 4-11 (1981/3)

ORDINANCE NO. 3 OF 1981.
(Assented to on 23 March, 1981.)
(Afrikaans copy signed by the State President.)

# AN ORDINANCE

**To apply a sum not exceeding R1 016 000 000 on account for the services of the Province of Transvaal during the year ending on the 31st day of March, 1982.**

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows: —

R1 000 000 000 may be issued from the Provincial Revenue Fund.

1. On and after the 1st day of April, 1981 there may be issued from the Provincial Revenue Fund such sums of money not exceeding in the aggregate the sum of One thousand million rand, as may from time to time be required for the service of the Province in respect of the year ending on the 31st day of March, 1982 until such time as provision is made therefor by the Council in an Appropriation Ordinance.

Major Road Plant Fund charged with sum not exceeding R16 000 000.

2. The Major Road Plant Fund established in terms of section 2 of the Major Road Plant Ordinance, 1960 (Ordinance 10 of 1960), is hereby charged with such sums of money as may be required for the purchase of major road plant during the year ending on the 31st day of March, 1982 not exceeding in the aggregate the sum of sixteen million rand until such time as provision is made therefor by the Council in an Appropriation Ordinance.

Issues under sections 1 and 2 to be deemed advances in anticipation.

3. All sums issued under the provisions of section 1 and 2 of this Ordinance, shall be deemed to be advances on account of grants to be made in an Appropriation Ordinance for the year ending on the 31st day of March, 1982, and immediately on the commencement of such Appropriation Ordinance, the said provisions shall cease to have effect, and issues already made thereunder shall be deemed to be issued under the Appropriation Ordinance and shall be accounted for in accordance with the provisions thereof: Provided that no services upon which expenditure has not been duly authorized under an Appropriation Ordinance during the financial year ending on the 31st day of March, 1981, or for which there is no statutory authority shall be deemed to be authorized under this Ordinance: Provided further that for the purposes of this section, the sums issued in respect of district surgeon services shall be deemed to be a service upon which expenditure has been duly authorized under an Appropriation Ordinance during the financial year ending on the 31st day of March, 1981.

Short title.

4. This Ordinance shall be called the Part Appropriation Ordinance, 1981.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 25ste dag van Maart, Eenduisend Negehonderd Een-en-tagtig.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
P.R. 4-11 (1981/3)

ORDONNANSIE NO. 3 VAN 1981.
(Toestemming verleen op 23 Maart 1981.)
(Afrikaanse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken.)

# 'N ORDONNANSIE

**Tot aanwending van 'n bedrag van hoogstens R1 016 000 000 op rekening van die dienste van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1982.**

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN SOOS VOLG: —

R1 000 000 000 kan uit die Provinsiale Inkomstefonds uitgegee word.

1. *Op en na die eerste dag van April 1981* kan uit die Provinsiale Inkomstefonds sodanige bedrae uitgegee word, wat altesaam hoogstens een duisend miljoen rand bedra, as wat van tyd tot tyd nodig mag word vir die diens van die Provinsie vir die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1982 tot tyd en wyl die Raad daarvoor voorsiening maak in 'n Begrotingsordonnansie.

Fonds vir Groot Paduitrusting belas met som van hoogstens R16 000 000.

2. Die Fonds vir Groot Paduitrusting gestig ingevolge artikel 2 van die Ordonnansie op Groot Paduitrusting 1960 (Ordonnansie 10 van 1960), word hierby belas met sodanige bedrae geld as wat nodig mag wees vir die aankoop van groot paduitrusting gedurende die jaar eindigende die 31ste dag van Maart 1982 maar wat altesame hoogstens sestien miljoen rand bedra, tot tyd en wyl die Raad daarvoor voorsiening maak in 'n Begrotingsordonnansie.

Uitgifte kragtens artikels 1 en 2 beskou te word as voorlopige voorskotte.

3. Alle bedrae wat kragtens die bepalings van artikels 1 en 2 van hierdie Ordonnansie uitgegee word, word beskou as voorskotte op rekening van toekennings gedoen te word in 'n Begrotingsordonnansie vir die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1982 en dadelik by die inwerkingtreding van sodanige Begrotingsordonnansie, hou vermelde bepalings op om van krag te wees, en uitgifte wat reeds kragtens hierdie bepalings geskied het, word dan beskou as uitgifte kragtens daardie Begrotingsordonnansie en moet verantwoord word ooreenkomstig die bepalings daarvan: Met dien verstande dat geen dienste ten aansien waarvan die uitgawe nie behoorlik kragtens 'n Begrotingsordonnansie gedurende die boekjaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1981 gemagtig is nie, of waartoe daar geen wetlike magtiging bestaan nie, beskou moet word as gemagtig kragtens hierdie Ordonnansie nie: Voorts met dien verstande dat die bedrae uitgegee ten opsigte van distriksgeneesheerdienste vir doeleindes van hierdie artikel geag word 'n diens te wees ten aansien waarvan die uitgawe behoorlik kragtens 'n Begrotingsordonnansie gedurende die boekjaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1981 gemagtig is.

Kort titel.

4. Hierdie Ordonnansie heet die Gedeeltelike Begrotingsordonnansie, 1981.